
# 357 O liefste Jesus, wat het U gesondig?




Hoe wonderbaar, die Herder gee sy lewe vir skape wat Hom altyddeur weerstrewe.
Die Heer betaal die skulde vir sy slegte, ontroue knegte.

Gevonnis word die Vrome, Onbesmette, en losgelaat die skender van Gods wette,
om vir die mens genade te verwerwe, wil God selfs sterwe.

Hoe kan ek U, my Heiland en my Koning, my dank bewys? Wat gee ek as beloning?
Is daar dan iets wat kosbaar is op aarde, vir U van waarde?

Totdat ek eenmaal heengaan in u vrede en U daar sien, gekroon met heerlikhede,
dan lê ek al my dank en liefdegroete neer aan u voete.

Johann Heermann (1585-1647) Geneefse Psalter; verwerk deur J. Crüger (1598-1662)